HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

15 November 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325



Baie welkom by vandag se eredienste!

Kom beleef ook vanaand se besonderse Kerssangdiens om 18:30...

Bring gerus familie en vriende saam!



Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Danie Nel
GVG hervat weer Januarie 2027
18:30 KERSSANGDIENS 2026: Ds Pieter Nel

Deurkollekte: Christelike Maatskaplike Raad (CMR)
(...ondersteun gesinne in nood met maatskaplike dienste, berading en praktiese hulp)

Algemeen

Program vir die week:

Dinsdag: 17 November
09:30 Bybelstudie in die Voorhuis
11:00 Gebedsaksie in die Raadsaal
18:00 Bybelstudie in die Voorhuis

Woensdag: 18 November
08:45 B'fontein Bybelstudie

Vrydag: 20 November
05:15 Mannebedienning
18:30 Kersfees-Bingo Aand

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Enige gebedsversoeke kan baie vertroulik per *WhatsApp* gestuur word na 079 815 9325.

Matrieks—Hoogland bid saam vir: Lewenswetenskap, Drama, Landbouwetenskap, Besigheid, Engels V2, Geskiedenis, Afrikaans V2 en Ekonomie

Kuier jy vandag by Hoogland of sluit jy as nuwe lidmaat aan?

Kom maak gerus ná die erediens kennis by die info@PEHoogland-tafel in die voorportaal – die dame daar wil jou (en jou gesin) graag ontmoet en seker maak julle voel tuis! Stuur ook gerus 'n *WhatsApp* na 079 815 9325 sodat Annalize in die kerkkantoor met jou kan kontak maak.

Die volgende Kerkraadsvergadering vind plaas op Maandag, 23 November 2026 om 18:30. U voorbidding word asseblief daarvoor gevra.

Moenie hierdie vakansie enige Hoogland-nuus of eredienssteskakels misloop nie. Nog nie deel van die Hoogland *WhatsApp*-groep nie? Stuur jou Naam & Van na 079 815 9325 en die kantoor voeg jou met liefde by!
(Dit is slegs 'n eenrigtinggroep waar net die kerkkantoor boodskappe stuur en niemand jou reaksie of boodskappe sien nie.)

Jaarprogram 2027 : Borg 'n Bladsy …

Net R1 000 vir 12 maande se advertensiewaarde!

Wil jy jou besigheid in 2027 onder die aandag van die hele Hoogland-geloofsfamilie bring? Hoogland nooi besighede om **een van die 12 maande in ons 2027 Jaarprogram** te borg!

Borg 'n maand vir slegs R1 000 en jou besigheid se advertensie en kontak-besonderhede bly die hele jaar sigbaar!

Ongeveer **600 eksemplare** van die Jaarprogram word gedruk en versprei – dit beteken 600 geleenthede vir jou besigheid om raakgesien te word!

HOE BESPREEK JY JOU MAAND?

- Kies jou maand - *First come, First Served!*
- Kontak Annalize by die kerkkantoor om jou maand te bespreek.
- Stuur jou logo/advertensie in hoë resolusie na annalize@pehoogland.co.za.
- Stuur jou bewys van betaling na finansies@pehoogland.co.za.

'n Groot dankie aan die besighede wat reeds aan boord is!

LAASTE KANS : Het jy al jou Tafel bespreek?

Kersfees - Bingo @ Hoogland

VRYDAGAAND, 20 NOVEMBER om 18:00 vir 18:30

Dis tyd vir 'n aand propvol pret, pryse, lekker lag en heerlike saamkuier by Hoogland!

Kostes: R250 per persoon – sluit 3 Bingo-kaarte, sap en heerlike peuselhappies in!

Kry jou kollegas, vriende of sommer die skoonfamilie bymekaar en **bespreek 'n tafel van 8!** Kies 'n prettige tema, versier julle tafel en staan 'n kans om 'n prys te wen!

Nie 'n volle tafel nie? Geen probleem!
Bespreek jou eie plekkie by die kantoor en kom speel saam!

Kontak sommer NOU vir Annalize in die kerkkantoor - Stuur gerus 'n *WhatsApp* met BINGO en Jou Naam & Van en die kantoor sal jou kontak.

Kom ondersteun en help om die aand 'n groot sukses te maak!

Uit ‘n diep, dankbare Hart …

Deur sang en musiek, die dekor en beligting, die klank, beeld en regstreekse uitsending, help elkeen om vir almal ’n venster oop te maak oor die wonder van Kersfees… Deur alles wat so keurig voorberei is, kan elkeen opnuut sien en beleef dat God in Jesus naby aan ons gekom het en dat sy lig steeds in ons wêreld skyn.

Baie dankie aan elkeen wat ure lank geoefen, beplan, gebou, versier en voorberei het. Dankie dat julle jul tyd en gawes met soveel liefde gee om hierdie aand moontlik te maak en die vreugde van Kersfees opnuut in ons harte te laat leef.

Hoogland waardeer elkeen van julle opreg.

SPESIALE DANKIE AAN:

Hanlie Young - Musiekleier
Hemiola Kamerkoor o.l.v. Rochelle Oelofse
Tiaan Uys - Allerlei
Anél Young - Franse Horing
Tuan Thalla - Trompet
Austin Titus - Skuiftrompet
Anél van Deemter- Fluit
Simon Cameron - Perkussie

Keenan Greeff - Klank
Bianca van der Berg - Data
Ilze Nortje - Kamera
Hoogland se personeel - vir ál julle hulp met die voorbereiding en die regstaan met die Kerssangdiens.

Vir elkeen wat ’n vensterraam gebring het om van hierdie diens iets besonders te maak.

Baie, baie dankie.

… Pieter